

Sing vooraf staande: Psalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Psalm 105:4, 5 (p. 515)

- 4 O volk uit Abraham gebore, / uit Jakob, deur God uitverkore;
o volk wat soveel guns geniet – / verhoog die HEER in sang en lied!
Hy 's onse God – 'n wêreldrond – vrees vir die oordeel van sy mond.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skriflesing: Genesis 6:5-22

Kernverse: Genesis 6:18

Maar met jou wil Ek 'n verbond sluit. Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters.

(Genesis 6:18 AFR83)

Tema: Die Here bewys sy genade aan jou deur sy verbond

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons is almal oortuig dat die genade van die Here inderdaad groot is. Wanneer ons besef hoe groot ons ellende is – en dit is wat ons in ons selfondersoek agtergekom het – staan ons verstom daaroor dat die Here ons steeds liefhet en dit ook vir ons wys in en deur sy Seun. Dit is egter nie eers in die Nuwe Testament wat die Here vir ons wys hoe groot sy genade is nie. Reeds hier in Genesis 6 wys die Heilige Gees vir ons hoe onbeskryflik groot die genade van die Here werklik is deur ons al net daarop te wys hoe Hy dié hoofstuk saamgestel het.

In hierdie hoofstuk hoor ons dat die Here na sy skepping en skepsels kyk, en daarop volg die Here se oordele en besluite. In vers 8 hoor ons wat die Here aan en in Noag gedoen het. Die Here het Noag begenadig. Noag beantwoord die Here se genade met geloof en gehoorsaamheid. Dit sien die Here raak en die Gees openbaar dit in vers 9: Noag is regverdig en opreg en hy wandel met God. Maar ... die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld. Die Here sien ook wat op die aarde gebeur (vers 11-12).

Nou volg die Here se beoordeling van en besluite oor wat Hy gesien het. In vers 13 en 17 laat die Heilige Gees eers God se besluit oor die korrupte aarde hoor:

Toe sê God vir Noag: “Ek het besluit om ’n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. ... “Ek gaan ’n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom.” (Genesis 6:13, 17 AFR83)

Oor Noag is daar ook ’n besluit:

... maar met jou (Noag) wil Ek ’n verbond sluit. (Genesis 6:18a AFR83)

Noag is nie sondeloos nie. Hy is ’n sondaar soos ons; ’n mens wat slegs deur die genade van God nog stry teen die sonde in sy eie lewe en teen die sonde in ander mense se lewens. Dat die Here anders oor Noag besluit het, is nie omdat Noag uit homself regverdig of opreg was nie. Noag was regverdig en opreg omdat die Heilige Gees se werk in hom die genade van die Here is. Die Here het nie besluit om sy verbond met Noag te sluit omdat hy van sy kant af met God begin wandel het nie. Die Here wil sy verbond met Noag sluit omdat Hy sy genade aan Noag nog meer konkreet wil maak.

Die ander kant van God se genade is natuurlik sy regverdige oordeel oor die korrupte aarde. As die Here sy besluit oor die aarde bekend maak, is dit nie omdat Hy dit wil doen nie, maar omdat Hy dit moet doen. God is regverdig en daarom eis God self dat daar regverdig met die korrupte aarde gehandel word. Omdat al die mense in goddeloosheid ongehoorsaam aan God voortgegaan het, het hulle die oordeel en dood oor hulleself gebring. Wanneer die Here dan sy besluit oor die aarde bekend maak, doen Hy dit met hartseer, want Hy is bedroef oor hoe sy mense geword het. Die Here wou dit graag soveel anders gehad het, maar die mense was hardkoppig en eiewys.

Met Noag wil die Here egter sy verbond sluit. Die verbond is inderdaad ’n ooreenkoms tussen twee partye met die oog op hulle verhouding met mekaar in die toekoms. Die Here se verbond is egter nie ’n gewone ooreenkoms nie. Geliefdes, hier het ons reeds met die genadeverbond te doen wat die Here later spesifiek met Abraham en sy nageslag gesluit het. Wanneer die Here sy verbond met Noag sluit, het die Here sy verhouding met sy mense en sy mense se verhouding met Hom in die oog. Dit is nie die mens wat met God ’n verbond aangaan nie.

Toe Noag gehoor het dat die Here 'n einde aan alle mense gaan maak deur 'n oorstroming oor die aarde te bring, het hy nie omgedraai en gesê: Here, wag so 'n bietjie, laat ons eers 'n ooreenkoms met mekaar aangaan, nie. Noag het nie gesê: Here, ek is darem regverdig en opreg, nie. Dit is die Here wat heel eerste sê:

Maar met jou wil Ek 'n verbond sluit. (Genesis 6:18a AFR83)

Die Here alleen is verantwoordelik vir die sluiting van die verbond. Dit is die Here se verbond. Luister net hoe die Here dit later vir Abraham sê:

Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. (Genesis 17:7a AFR83)

Maar in die uitwerking of voortsetting van die verbond het die mens ook 'n verantwoordelikheid. Die Here eis dat die mens die verbond sal aanvaar deur as kind van God te lewe.

Ons merk hierdie dubbele verantwoordelikheid op in die formule van die verbond wanneer die profete op grond van die verbond Israel tot bekering roep. Aan Abraham het die Here gesê:

Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. (Genesis 17:7 AFR83)

In hierdie deel van die verbondswoorde hoor ons die verantwoordelikheid wat God op Homself neem. Hy sal God wees vir sy mense. Wanneer die profete sê dat die Here sy verhouding met die volk gaan vernuwe, herhaal die Here sy verbondswoorde:

Ek sal hulle God wees, en voeg die verantwoordelikheid van die mense by, en hulle sal my volk wees. (Jeremia 31:33 AFR83)

Broers, susters en kinders, let net op waartoe die Here Homself verbind wanneer Hy sy verbond met Noag sluit. Die Here staan in vir die behoud van die lewe, Hy staan in vir Noag, vir die ark, vir Noag se huisgesin en vir die diere. Met sy verbond sal die Here sorg dat Noag gespaar word van die verdelging. Die Here sal vir Noag, sy gesin en die diere red deur die sondvloed heen. In en met Noag wil die Here 'n nuwe begin maak met die mensdom en die wêreld. Met hierdie verbond van genade wil en gaan die Here sy belofte van Genesis 3:15 waar maak. Die nageslag van die vrou, wat nog gebore moet word, sal die slang se kop vermorsel. Dit is om hierdie rede dat die Here sy verbond met Noag wil sluit.

Om die belofte van Genesis 3:15 waar te maak, gaan die Here Homself verantwoordelik hou vir die lewe van Noag. Die Here sal self sorg dat hierdie logge ark, wat eintlik maar 'n houtkis is, op die water bly om Noag-hulle en die diere in die lewe te behou. Die Here sal Noag en sy gesin se God wees en Hy sal die bewaarder van sy diere wees. Dit is dan die belofte wat die Here aan Noag maak. En hierdie belofte is die een deel van die inhoud van die Here se verbond.

Die ander deel van die verbond is dat Noag die Here se genade met geloof en gehoorsaamheid moet beantwoord. Dit gebeur as Noag die verbond gelowig aanvaar. En die Here maak ook duidelik hoe Noag die verbond moet aanvaar, wanneer Hy sê:

Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters. (Genesis 6:18b AFR83)

Noag en sy gesin en die diere se lewe was op die spel. Hy moet God se verbond met hom gelowig aanvaar. En daarmee sê ons nie dat Noag homself en sy gesin van die dood red

nie. Die Here staan immers in vir hulle lewe; Hy red hulle. Noag moet die verbond gelowig aanvaar, want dit is God se wil. Indien Noag die verbond nie gelowig aanvaar nie, sal hy saam met al die ander mense sterf en dit sal sy eie skuld wees. As Noag nie in die ark ingaan, soos die Here van hom eis nie, sal hy en sy gesin sterf.

En die Here betrek nie net vir Noag in die sluiting van sy verbond nie. Noag en sy hele gesin word betrek. As die Here sy verbond met Noag sluit, dink Hy aan Noag, Noag se seuns, Noag se vrou en Noag se skoondogters. Die Here se belofte om Noag in die lewe te hou, geld ook vir die ander sewe mense in hierdie gesin. Daarom moet al agt van hulle die verbond van die Here gelowig aanvaar en doen wat Hy van hulle eis. Hulle moet die Here glo en in die ark ingaan.

Met Abraham begin die Here weer nuut met die mensdom en Hy sluit sy verbond met Abraham en sê:

Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. (Genesis 17:7 AFR83)

By Sinai bevestig die Here hierdie selfde verbond met die volk Israel wat uit Abraham gebore is en sê:

Ek sal tussen die Israeliete woon en hulle God wees. (Eksodus 29:45 AFR83)

En om te weet hoe hulle as God se volk moet leef, gee die Here sy Tien Gebooie aan hulle.

Deur die eeue heen het die Here hierdie verbond van Hom gehandhaaf. Hy wou nooit iets minder hê as 'n lewende en persoonlik intieme verhouding tussen Hom en sy mense nie. Hy wil hulle God wees en Hy wil dat hulle sy volk sal wees. Weens die hardheid van hulle harte het die volk van die verbondseise koue meganiese handeling gemaak. Daar was nie toewyding en toegeneëtheid tot die Here nie. Daarom verwoord Jeremia die verlange van die Here na daardie dag wanneer God sy verbond sal vernuwe as hy profeteer:

Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie (Jeremia 31:33-34 AFR83).

En daardie dag het aangebreek, geliefdes. Dit het aangebreek in 'n bovertrek in Jerusalem toe ons Here Jesus die beker aan sy dissipels gegee het met hierdie woorde:

Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes
(Matteus 26:27-28 AFR83).

Dit is die dag wat afgesluit is met die oorwinningsuitroep van Christus: **Dit is volbring!** (Johannes 19:30 AFR83) nadat Hy helse smart en pyn van bange Godverlatenheid gely het. Dit is op daardie dag dat die voorhangsel in die tempel – wat tot op daardie dag simbool was van die skeiding tussen God en sy volk – van bo tot onder geskeur is. Die onreg en sondes wat mense verhinder het om in 'n lewende en persoonlike verhouding met God die Vader te lewe, het Jesus Christus vir altyd weggeneem. God die Seun staan in vir die lewe van God se kinders, want dit is sy verbintenis in die verbond.

Hierdie selfde verbond het God met elkeen van ons wat gedoop is, bevestig. By elkeen van ons se doop het die Here gesê: Ek sal jou God wees, en jy sal my kind wees. Die Heilige Gees het ons ouers en die kerk gelei om elkeen van ons in hierdie verbond te onderrig. In die katkisasie by die huis en kerk het die Heilige Gees ons geleer wie God is wat sy verbond met ons bevestig het. En ons wat belydende lidmate is, het ons geloof in God openlik bely. Ons het gesê ons aanvaar die verbond gelowig. Ons glo in Jesus Christus ons Verlosser, want Hy is ons ingang na die Vader in die hemel. Hy maak ons kinders van God. Hy red ons met sy dood en opstanding van die ewige dood. Hy hou ons in die lewe..

Broers, susters en kinders, omdat ons so maklik kan vergeet, sê die Here vanoggend by hierdie nagmaal weer vir ons: Ek is jou God en jy en jou nageslag sal my volk wees. In die verkondiging van sy evangelie en in die tekens en seëls van die nagmaal sê die Here dat Hy in Jesus Christus instaan vir jou lewe. Hy wil hê jy moet lewe en Hom dien vir ewig. Hy eis van elkeen van ons om in Jesus Christus te glo. "Kom na My toe," beveel die Here Jesus, "want wie in My is en Ek in hom sal baie vrugte dra, so 'n mens sal lewe" (Matteus 11:28; Joh 15:5). Maar as jy nie in Christus glo, nie deur Hom wil ingaan deur jou lewe aan Hom toe te vertrou nie, nie die verbond van die Here gelowig aanvaar nie, moet jy weet die Here sê dat Hy sulke lote uiteindelik afsny en hulle sal verdroog en verbrand word.

Wie vanoggend na die tafel van die Here kom, sê vir die Here en gee aan die ander gelowiges te kenne dat hy en sy die verbond van die Here gelowig aanvaar. Jy sê dat jy in Christus glo en in Hom wil bly. Onthou, jou en jou kinders se lewens is op die spel, want die Here betrek jou en jou kinders in sy verbond. Die Here roep jou in sy verbond in en na sy verbondsmaaltyd toe. Hy wil jou wys hoe Hy jou gered het. Maar as jy nie in Christus glo, nie die verbond van die Here gelowig aanvaar nie, as jy nie die opregte voorneme het om alles te doen wat die Here jou beveel nie, moenie na die tafel van die Here kom nie. Moenie 'n oordeel oor jouself eet en drink nie. Maar weet! Die Here gee nou nogeens geleentheid om jou te bekeer; Hy sê nogeens vir jou: Ek is jou God en jy en jou kinders moet my volk wees. Die Here wil sy genade aan jou en jou kinders in sy verbond bewys.

Amen!

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 63:1, 3 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aardeⁱⁿ nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 1-1 (24)

Slotgebed

Psalm 111:3, 5 (p. 553)

- 3 Vir almal wat Hom vrees, het Hy / hul spyse mild'lik toeberei.
Hy is aan sy verbond gedagtig. / Hy het aan hul 'n erfdeel skoon,
'n land gegee om in te woon, / deur dae groot en oppermagtig.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak:
sy Naam is vreeslik, hoog verhewe. / Sy vrees is wysheids-aanbegin.
Kom wandel dan die heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Mei 2013